

Nuusbrief 184

2 Julie 2013

Beste Lede,




ETIKETTE OP BEHANDELDE HOUT

SAWPA etikette-inisiatief – Versoek om terugvoer

Soos oorgedra aan SAWPA-lede tydens die Maart streeksvergaderings en per brief aan diegene wat nie die vergaderings kon bywoon nie, is die verspreiding van die veiligheidswaarskuwingsetikette deel van 'n toetsperiode waartydens gepoog word om vas te stel of die uitleg en inligting op die etiket voldoende is, en of die etikette duursaam genoeg is totdat die behandelde houtprodukt verkoop is en deur die verbruiker gebruik word. SAWPA sal dit hoog op prys stel indien u u aanbevelings en menings telefonies of per e-pos met ons sal deel.

LOSP en kreosootbehandelaars se terugvoer ten opsigte van die etiketkwaliteit sal waardeur word, omdat 'n besluit op die onlangse SAWPA-Uitvoerende Komiteevergadering geneem is dat 'n uitvoerbare sisteem vir alle preserveermiddel tipes gevind moet word voordat SAWPA grootskaals etikette kan bestel om op 'n volhoubare en gesubsidieerde wyse aan lede te lewer.



Inligting oor EU se “Biocidal Product Regulation” (BPR)

Hierdie het ten doel om ons lede in te lig oor die ontwikkelings wêreldwyd oor soortgelyke sake waarmee ons plaaslik te make kry, bv. bogenoemde veiligheidsetikette. Die BPR, wat die BPD (Biocidal Product Directive) vervang het, tree op 1 September 2013 in werking en sluit nuwe bepalinge/voorwaardes oor die voorsiening en etiketering van behandelde houtprodukte in. Die volgende benadruk die doel van die veranderinge:

1. Verskaffing van Verduursaamde Hout (artikel 58(2))

“Van 1 September 2013 mag verduursaamde hout nie verskaf word indien die aktiewe bestanddele in die verduursamingsmiddel nie deur die EU goedgekeur is vir gebruik in houtverduursaming nie.” (In Suid-Afrika word dit gereguleer deur Wet 36 van 1947, wat vereis dat alle houtverduursaming produkte wat aktiewe bestanddele bevat geregistreer moet word by die Registrateur van die Wet.)

2. Etiket op Verduursaamde Hout (Artikel 58 (3-6))

Hierdie artikels vereis dat produkte wat bio-gifstof eienskappe bevat geëtiketteer behoort te word. Tot dusver is die mening gehuldig dat produkte wat bio-gifstof eienskappe toon nie produkte ingesluit het wat bio-gifstof bevat ter beskerming van die primêre produk nie, bv verduursaamde hout, maar vir produkte waar die bio-gif gebruik was om peste af te skrik of dood te maak, bv muskietnette. Met die nuwe BPR's wat op 1 September 2013 in werking tree blyk dit dat verduursaamde hout ook onder hierdie etikettering ingesluit word.

Interessantheidshalwe het die Wood Protection Association in die VK (WPA) 'n hersiene definisie versoek in ooreenstemming met hoe dit voorheen geïnterpreteer is, maar dit is nie deur ander lidlande van die EU ondersteun nie. Die WPA het egter onderneem om voort te gaan in hulle pogings om ander lidorganisasies te oorreed om hulle te ondersteun om die aanvanklike interpretasie weer te huldig.

SAWPA-tuisblad – KCA-veiligheidsinligting hersien

Die KCA-veiligheidsinligting wat sedert 2002 op die SAWPA-webtuiste verskyn, is onlangs hersien. Lede word aangemoedig om u te vergewis van die hersiene weergawe, “CCA Treated Timber – All you need to know” onder die opskrif “THE SAFETY OF CCA TREATED TIMBER” op ons webblad www.sawpa.org.za of www.sawpa.co.za. Die veiligheidsbrosjyre is ook hier beskikbaar.

Die hersiene weergawe behandel sake soos KCA as verduursamingsmiddel, KCA-behandelde hout, veiligheid van die verduursaamde produk, veiligheidsrekord, verwyderings veiligheids- en hanteringsvoorsorgmaatreëls, asook alternatiewe vir KCA.

IRGWP 44 – STOCKHOLM

Die 44ste Jaarlike Vergadering van die “International Research Group on Wood Protection” het van die 16de tot die 19de Junie 2013 in Stockholm, Swede plaasgevind. Die Vergadering het met ‘n volsessie begin wat ingesluit het ‘n programrede oor “Service life evaluation of wood – an engineering approach” en ‘n wetenskaplike sessie. Die res van die konferensie het in twee parallelle sessies plaasgevind waar die onderskeie werksgroepe die volgende temas bespreek het:

<i>Microbial test methodology</i>	<i>Wood composites, WPC's and engineered wood products</i>	<i>Thermal wood modification</i>
<i>Chemical/Physical analysis</i>	<i>Coatings, hydrophobic treatments and surface aspects</i>	<i>Chemical wood modification</i>
<i>Insect biology and testing</i>	<i>Soft rot and bacteria/bluestain and moulds</i>	<i>Natural durability</i>
<i>Performance – Field tests</i>	<i>Treating processes and treatability of timber</i>	<i>New wood protecting chemicals</i>
<i>Performance – lab tests</i>	<i>Environment and sustainability</i>	<i>Advances in molecular techniques</i>

Die werksgroepe het uit 109 aanbiedings oor wetenskaplike lesings bestaan. Die volgende is ‘n paar van die interessante lesings wat oor die paar dae gelewer is:

- IRG/WP 13-10811: Focus on the European Standardization. Towards a revision of the EN 350 natural durability standard: a different approach to the inherent resistance and performance of wood and wood-based materials.
- IRG/WP 13-30622: The Concept of Copper and Boron Synergy: Why copper naphthenate and borates are a couple made in heaven.
- IRG/WP 13-30634: CT scanning of decay in creosoted poles for overhead lines
- IRG/WP 13-40621: The resistance of high performance acetylated wood to attack by wood destroying fungi and termites
- IRG/WP 13-10803: Use of acoustic emission (AE) to detect activity of common dry-woodboring insects: some practical considerations.
- IRG/WP 13-30633: Durability of alternatives to CCA-treated wood – Results from field tests after 11 year exposure.
- IRG/WP 13-30610: Pre-treatment decay and strength loss of railroad ties, and their prevention.
- IRG/WP 13-10801: An assessment of soft rot in preservative-treated poles in two test sites and two network areas in New South Wales.
- IRG/WP 13-40631: Evaluation of barrier systems after 71 months of exposure.
- IRG/WP 13-20525: Predicting the rate of decay, and the potential for misinterpretation of proper scientific method.

‘n Volledige lys van lesings is beskikbaar indien u daarin sou belangstel.

Die volgende IRGWP 45 sal van 11 tot 15 Mei 2014 in St George, Utah plaasvind. Die IRGWP konferensies word twee tot drie jaar vooruit geskeduleer. Ons is deur die lede van die IRG Uitvoerende Komitee genader oor die moontlikheid om die IRGWP in 2017 in Suid-Afrika aan te bied. Die moontlikheid sal ernstig oorweeg word sodra ons ons kon vergewis van wat dit alles behels, veral die finansiële verpligtinge.

WoodEX 2014

Daar is besluit om WoodEX 2014 te skuif na vroeg in Junie 2014, voorlopig van Donderdag, 5 Junie tot Saterdag 7 Junie. Hierdie voorgestelde datums moet nog deur die hele industrie oor besin word voordat amptelike datums bekend gemaak sal word. Die algemene mening was dat hierdie datums beter byval sal vind aangesien dit nie oorvleuel met 'n publieke vakansiedag of die begin van die skoolvakansie nie.



SAWPA stalletjie by WoodEx for Africa 2013

NUUSBROKKIES

- Die 2013 AWPA Standaardeboek is in hardebandformaat en op CD gepubliseer. SAWPA is in besit van die hersiene CD - weergawe vir verwysingsdoeleindes in dien enige lid daarvan wil gebruik maak.
- Agri24 het in 2011 'n webblad ontwerp om die breër landbougemeenskap 'n platform te gee tot toegang tot 'n verskeidenheid produkte en leweransiers. SAWPA bemark die Assosiasie, ons lede en behandelde hout op hierdie webblad. Besoek www.agri24.co.za om die advertensie aan die bokant van die blad te sien. SAWPA se besonderhede is ook onder "Paalverskaffers/Pole Suppliers" in die "Search the Product"-deel geplaas. Ons beoog om binnekort ons besonderhede in ander verwante produkategorieë op die agri24 webwerf te voeg.
- KCA/Boron behandelingsaanleg te koop: 1ste aanleg is 9.45m x 1,42m en in uitstekende toestand; 2de aanleg is 15.42m x 1.5m met dubbeldeur stelsel en in 'n goeie toestand. Verskeidenheid ander paalvervaardigingstoestelle/masjinerie ook beskikbaar. Vir meer inligting kontak david@plettimbers.co.za.
- 'n Cross laminated Timber (CLT) gebou bestaande uit 10 verdiepings is onlangs in Victoria Harbour, Melbourne geopen. Lees die aangehegte berig uit Uitgawe 257 van The Timber and Forestry News, Australia.
- 'n volle 159 707 besoeke is van Februarie tot Mei 2013 aan die SAWPA-webblad gebring.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.

SAWPA, Posbus 686, Isando 1600

Tel: 011 974 1061 Faks: 086 610 1411 of 011 392 1995 Webtuiste: www.sawpa.org.za epos: sawpa@global.co.za

Weekend festival marks opening of CLT skyscraper at Victoria Harbour

A STREET festival will welcome the opening of the tallest timber apartment building in the world in Melbourne's Docklands next week.

Lend Lease will launch its \$11 million, 10-storey tower Forte at Victoria Harbour.

The complex, with 23 apartments and ground floor retail space, is a showpiece for cross-laminated timber which is manufactured using layers of timber to create solid panels.

According to Lend Lease, the material reduced CO2 emissions by more than 1600 tonnes compared to structures built from concrete and steel.

The company's operational excellence head Daryl Patterson said Lend Lease took on the project because it was keen to explore more energy-



Up she goes .. construction starts on the CLT Forte building in Melbourne.

efficient production processes. Because CLT was deigned and built in a factory, he said, the building process was also

faster and safer.

"The state of the art production processes of CLT ensure a very high precision outcome

compared to steel or pouring concrete on-site," Mr Patterson said.

He said the material would benefit future residents.

"Using CLT offers better thermal performance and requires less energy to heat and cool which means reduced energy and water costs which averages savings of \$300 a year or up to 25% less than a typical code-compliant apartment," Mr Patterson said.

Should the 23 apartments and four townhouses in the 32.17 m, 10-storey building be snapped up quickly, it is likely that Docklands will see more timber constructions – particularly on the Victoria Harbour peninsula, which is ear-marked for low-rise luxury dwellings.